

# Ontmoeting 18

# Moenie bekommerd wees nie

Teks: Matt 6: 25-34

## Hulpmiddels:

- \* Afdrukke van die prentjies aan die einde van die les
- \* Roomysstokkies en gom
- \* Klei en 'n sandbak
- \* Vullismandjie

Die kinders kry die kans om te hoor dat God vir ons sorg, maak nie saak hoe moeilik 'n situasie is nie.



## WELKOM

Ons speel "Elmboog aan-aan":

Maats staan 2 - 2 bymekaar met hulle arms ingehaak. Twee groeplede jaag mekaar tussen die maats wat ingehaak staan soos wanneer ons aan-aan speel. Die kind wat gejaag word, kan enige tyd inhaak by een van die pare wat stilstaan. Die kind aan die anderkant van die ingehaakte paartjie moet nou uithaak en weghardloop voor hy/sy gevang word. Hierdie kind moet weer 'n ander paartjie kry om by in te haak voordat hy/sy gevang word. Die kind wat gevang word, word op sy/haar beurt die een wat moet jaag. Speel dit vir 'n paar minute. (*Die speletjie is ook bekend as "derde mannetjie".*)

Wanneer julle klaar is, sê vir die kinders: "Het julle nie al gevoel dat die lewe soms soos hierdie speletjie is nie? 'n Mens raak bekommerd en angstig en dan wil jy gryp na 'n arm wat jou kan red en laat veilig voel, maar nooit vir baie lank nie. Sommer gou is daar weer 'n probleem en dan moet jy weer na 'n oplossing soek. Vandag se Bybelverse wil vir ons vertel wat ons met bekommernisse kan doen. Julle was seker al almal bekommerd. Bv. wanneer jou klere wegraak by die skool, wanneer jy bekommerd is oor 'n toets of as jy laat is vir 'n klas. Jy kry sommer 'n knop op jou maag. Wat maak jou nog bekommerd?"

Ons speel 'n speletjie, 'n "emosie-speletjie". *Jy hoef dit nie aan te kondig nie en kan dit direk laat vloei uit die refleksie gesprek.* "Hoe lyk jou gesig wanneer jy bekommerd is?" (*Gee kans vir 'n reaksie*) "En hoe

lyk jy as jy bly is?" "Wys weer jou bekommerde gesig." "En nou 'n verbaasde gesig." "Weer bekommerd." (*Elke alternatiewe emosie is bekommerd.*) "Wat van 'n kwaai gesig?" "Weer bekommerd." "'n Hartseergesig." *Eindig met 'n bekommerde gesig.*

Met al hierdie gesigte wat julle nou getrek het, is julle gesigspiere mooi opgewarm. Nou kan ons lekker sing:

- ♦ "Hy laat die sterre skitter"
- ♦ "Daar's vissies in die water"
- ♦ "Ons God is 'n wonder God"



## WYDING

**Temalied:** "Ek wandel in die lig van God"

**Stilword-ritueel** (soos met die vorige ontmoetings)

Kleur die prentjies in van dinge wat God gemaak het en plak dit op 'n roomysstokkie. (Sorg dat daar net een prentjie van die hand en een prentjie van Salomo is. Daar kan sommer 'n hele swerm voëltjies en baie lelies wees). In gebed sê ons dankie vir al hierdie dinge wat God maak en versorg. Die leidster sê "dankie vir": ... (*en die kinders roep elkeen die item op hul prentjies uit.*)

Die hele groep sê saam: "Amen".



## WOORD

Lees die teks van Matteus 6: 25-34. Sit 'n groot stuk klei of sandbak op 'n tafel neer. Die kinders neem deel deur hul roomysstokprentjies in die basis te druk soos die items in die teks genoem word.

- ◇ Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou.
- ◇ Ek wonder watter deel van die storie dink jy is die belangrikste.
- ◇ Ek wonder wie is jy in die storie.
- ◇ Ek wonder of daar 'n gedeelte van die storie is waarvan jy glad nie hou nie.

Neem 'n vullismandjie en sit 'n kaartjie daarop wat sê: "God sal sorg". Neem 'n papier en skryfding en maak 'n lysie van alles wat jou bekommer. Nooi die kinders uit om met God te praat oor die dinge wat hul bekommer. Frommel dan die papier op en gooi dit in die "God sal sorg"- drom.

Sluit af met die seënbede.

